



Stadig eers om nou jou plaas aan 'n trust oor te dra

Is dit 'n goeie idee om 'n plaas aan 'n trust oor te dra? Vir jonger boere, wat die waarde van die plaas in sy leeftyd kan verdubbel, kan dit sin maak.

Baie lesers vra my of dit 'n goeie idee is om hul plaas aan 'n trust oor te dra. My teenvraag is altyd: Hoekom? Ek kry gewoonlik so 'n vae verduideliking dat dit 'n manier is om boedelbelasting te vermyn. Dit kan s6 wees, maar daar is meer ter sake.

Om 'n plaas in 'n trust te hou, kan voordele hê, soos dat die waardetoename uit die boedel van opvolgende geslagte gehou word en dat die plaas sodoende

in korrekte omstandighede teen skuldeisers van die begunstigdes beskerm is.

As dit jou bedoeling is, kan jy die plaas aan 'n trust by jou dood bemaak. Vir die opvolgende geslagte sal al die voordele daar wees – mits die trusteees die trust reg bestuur.

Doen jy dit nou in lewe, moet jy die koste opweeg teen die voordele van 'n trust. Kom ons kyk kortliks daarna.

Onmiddellike uitgawes of 'n skaflike lappie plaasgrond van ongeveer R10 miljoen beloop sowat R6 000 en meer om die trust te skep, hereregte van R717 000 en die prokureur se koste van sowat R60 000. Dit is geld wat jy nou moet uithaal.

Die plaas kan teen 'n nul BTW-koers na die trust toe oorgaan as dit vir BTW registreer, in welke geval daar nie hereregte betaalbaar sal wees nie. Maar dan moet dit as 'n lopende saak oorgaan.

Wil jy regtig in die trust boer en jou belastingvoordele op jou boerderyinkomste in die gedrang bring?

Dink maar daaroor, maar dis

nie die ergste nie. Die volgende vraag is, hoe kry jy die plaas in die trust? Jy moet dit of skenk of aan die trust verkoop.

SKENK OF VERKOOP?

Skenk jy die plaas, gaan jy geskenkebelasting teen 20% van die waarde betaal. Teen 'n landbouwaarde van R10 miljoen is dit R1 980 000. Daar is ook kapitaalwinstbelasting (KWB) wat self 'n aardige bedraggie kan beloop, na gelang van die “winst” en jou marginale belastingkoers. Nou, sommeer so aan Jan Taks.

Jy kan baie spaar deur eerder die plaas te laat vererf.

Verkoop jy dit op leningsrekening, is die agterstallige koopprys steeds 'n bate in jou boedel waarop boedelbelasting gehel sal word. Jy het dus nog niks “gewen” wat die besparing op boedelbelasting betref nie.

Bemaak jy dit aan 'n trust, kan jy die aftrekking van R3 500 000 gebruik v66r boedelbelasting be-

reken word. Eers daarna sal jy boedelbelasting betaal teen 20%, wat, alle ander aftrekkings buite rekening gelaat, R1 300 000 op die waarde hier ter sake sal wees. Dit is reeds 'n besparing van meer as R600 000.

Bemaak ook jy die plaas eers aan jou vrou is die uiteindelijke aftrekking tot R7 000 000 en verminder die uiteindelijke boedelbelasting na net R600 000. Altesame kan jy dus nagenoeg R2 000 000 spaar deur eerder die plaas te laat vererf.

Om dus boedelbelasting van R2 000 000 te spaar, gaan die plaas in waarde in jou leeftyd moet verdubbel. Kortom: As jy jonk is, oorweeg dit gerus; as jy einde se kant toe staan, los dit liever.

Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële-risiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverreker verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie. LBW

KORTOM

- 'n Plaas in 'n trust hou sekere voordele in, soos beskerming teen skuldeisers en waardetoename uit die boedel wat vir opvolgende geslagte behou word.
- Dit bring egter jou belastingvoordele op boerderyinkomste in gedrang.
- Om die plaas in 'n trust te kry, kan baie duur wees.